

Hersienings werkkaarte

Werkkaart 1 : Trappe van vergelyking

Gee die trappe van vergelyking vir die volgende:

- a. Mak
- b. Lekker
- c. Grof
- d. Moeilik
- e. Sag
- f. Stil
- g. Groen
- h. Rooi

Onderstreep die korrekte word tussen hakkies.

- a. Die (stout, stouter, stoutste) seun is die (Stouter, stout, stoutste) in die skool.
- b. Jan is (bang, banger, bangste) vir die spook as Piet, maar Sarie is die (bangste, banger, bang).
- c. Die kar is (hoog, hoër, hoogste), maar die boom is (hoogste, hoog, hoër, hoog) en die boom is die (Hoër, hoogste, hoog).

Werkkaart 2 : Alfabetiese volgorde

Rangskik die volgende woorde in alfabetiese volgorde.

Beloon, besoek, nuwe, mekaar, groei, bietjie, antwoord, verstaan, vertel, nasorg

Werkkaart 3 : Lettergreep verdeling

Wanneer ons woorde in lettergrepe verdeel volg ons die volgende reëls:

1. Verdeel die woord in kleiner woorde. *Break the word into smaller words.*
2. Verdeel die woord tussen dubbelkonsonante. *Devide the word between the two dubble consonants.*
3. Verdeel die woord tussen die twee konsonante. *Devide the word between the two consonants.*

Verdeel die volgende woorde in lettergrepe.

- a. Blompot
- b. Stukkend

- c. Swimmer
- d. Kantoor
- e. Monster
- f. Soldaat

Werkkaart 4 : Verlede tyd

Wanneer ons sinne in die verlede tyd skryf moet ons die volgende onthou:

1. Die werkwoord word aan die einde van die sin geskryf.
2. In die plek van die werkwoord word daar 'n het geskryf.
3. Dan ge- word aan die werkwoord gelas.

Herskryf die volgende sinne in die verlede tyd.

- a. Die kinder stap deur die winkel.
- b. Mense dra warm klere in die winter.
- c. Die baba huil hard.
- d. Ons doen ons huiswerk.
- e. Die verkoopsdame wys die skoene vir die seun.
- f. Die klere hang aan die rak.

Werkkaart 5 : Toekomende tyd

Wanneer ons sinne in die toekomende tyd skryf moet ons die volgende onthou:

1. Die werkwoord word aan die einde van die sin geskryf.
2. In die plek van die werkwoord word daar 'n sal geskryf.
3. Dan WORD DAAR NIE "N ge- word aan die werkwoord gelas NIE.

Herskryf die volgende sinne in die toekomende tyd.

- a. Die kinder stap deur die winkel.
- b. Mense dra warm klere in die winter.
- c. Die baba huil hard.
- d. Ons doen ons huiswerk.
- e. Die verkoopsdame wys die skoene vir die seun.
- f. Die klere hang aan die rak.

Werkkaart 6 : Lydende vorm

Hoe om sinne in lydende vorm te skryf?

1. Vra Wat word gedoen en trek 'n blokkie om dit. Begin die sin met dit.
2. Skryf dan " word deur ".
3. Wie doen die werk ondersteep dit? Dit word volgende geskryf.
4. Omkring die werkwoord. Dit word aan die einde van die sin geskryf met 'n ge- aan gelas.

Skryf die volgende sinne in die lydende vorm deur met die vet gedrukte woord te begin.

- a. Ape soek graag **vlooie**
- b. Muise eet graag **kaas**.
- c. Luiperds klim **bome**.
- d. Leeus vreet **bokke**.
- e. Krokodille vreet **ander diere**.

Werkkaart 7 : Intensiewe vorm

Gee die intensiewe vorm vir die woord tussen hakkies.

- a. Die kar is nie (goedkoop) nie dit is (duur).
- b. Die klas is nie (vol) nie, maar (leeg).
- c. Die veer is lig, maar die gewigte is (swaar)
- d. Die bal is (hard).
- e. Die roos is (rooi).
- f. Die hond het (vining), gehardloop nou is hy (moeg).
- g. Na ete was ek die skootelgoed nou is die kombuis (skoon).

Werkkaart 8 : vergelykings

Gee die vergelykings vir die volgende:

- a. As iets vining is, is dit so vinnig soos _____
- b. As iemand bleek is, is hy so bleek soos 'n _____
- c. As die tas lig is, is dit so lig soos 'n _____
- d. As die klas stil is, is hulle so stil soos 'n _____
- e. As jy regop staan, staan jy so regop soos 'n _____
- f. As iemand sterk is, is hy so sterk 'n _____
- g. As iets dood is, is hy so dood soos 'n _____

Werkkaart 9 : Resensie

Assesblief gebruik die format as 'n Resensie skryf.

Die titel/naam

Die hoofkarakters

Die plek waar dit plaasvind

Die 4 hoof gebeure.

Jou eie opinie oor die storie.

Werkkaart 10 : Poskaart

Die volgende word gebruik om 'n poskaart te merk.

Die seël of stamp √√

Die adres waarheen die poskaart gestuur moet word √√

Die inleiding en afsluiting √√

Inligting 5-6 sinne √√√√

Spelling en punktuasie √√

Sinskonstruksie √√

Netheid √